



## 28 JANUARIE 2018

**09:00 Erediens**

**Immanuel van Tonder**

Lynnwood Lewegewende Gemeente  
Nuwejaarstee

**09:00 Kategese Gr 1 – 6** (begin in die kerk)

**Geen** Kleuterkerk

**18:00 Aanddiens & Pelgrims-groepe** (Snr. Kategese)

**Fay van Eeden**

**19:00 Belydenisklas**

Groepsindeling en kenmekaar (Kleingroepe)



## 4 FEBRUARIE 2018

**09:00 Erediens – Doop**

**Peet Crous**

**09:00 Kategese Gr 1 – 6** (begin in die kerk)

09:00 **kleuterkerk**

Skattejag! Almal welkom!



**09:30 Lynnwood Oord-diens**

**Johan Jooste**

**18:00 Belydenisaflegging & Pelgrims-groepe** (Snr. Kategese)

**Fay van Eeden**

**Geen Belydenisklas a.g.v kamp**

### Nuwejaarstee

Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n Nuwejaarstee na die diens in Koinonia. Baie dankie aan al die dames wat eetgoed vir die tee voorsien het. U meeewing word opreg waardeer.

### Ouers met jong kinders

Is u die trotse ouers van jong kinders. Wil u inskaker by 'n omgegroepe saam met ouers in dieselfde bootjie? Hier is 'n geleentheid. Belangstellendes is welkom om my te kontak: Stanley Strydom – 083 299 1090 of [stanley.strydom@gmail.com](mailto:stanley.strydom@gmail.com).

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

# Die week se kalenderaktiwiteite

<b>Dinsdag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. <b>Bybelstudie</b> 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.
<b>Woensdag:</b>	<b>"Young couples"-omgeegroep</b> 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854. <b>Skole open.</b>
<b>Donderdag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 09:30 (Lynnwood Oord). <b>Jong Volwasse-omgeegroep</b> 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
<b>Vrydag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. <b>Gebedsgroep</b> 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

## Vervoer:

Benodig dames en/of mans om te help met vervoer van Lynnwood Oord-inwoners na Glen Fair-winkelsentrum die 1<sup>ste</sup> en 3<sup>de</sup> Woensdag van elke maand. Skakel asseblief die kerkkantoor indien u bereid is om te help.

## Ratanang:

Die **bestaende** groep Ratananglede gaan op 7 Februarie 2018 om 10:45 – 15:00 op 'n uitstappie na Hartebeespoortdam. Bevestig met Annatjie (072 146 8212) vir vervoer. **Skakel asb. ook vir Annatjie indien iemand kan help met vervoer – dit sal baie waardeer word.**

Nuwe lede word genooi om byeenkomste vanaf 7 Maart om 14:00 in Koinonia te kom bywoon.

## VIAM DEI-kursus:

Viam Dei is 'n Latynse term wat beteken "God se pad". Viam Dei is 'n diepgaande geloofsgroei program. Die program strek oor 'n jaar waartydens ons fokus op spiritualiteitsontwikkeling, geloofsgroei en innerlike transformasie. Jy kry weekliks geleentheid om saam met ander gelowiges op hierdie pad te ontdek hoe om jou eie pad met God op 'n vars, maar dieper manier te stap. Maandagaand 18:00 tot 20:00 of Dinsdagoggend 10:00 – 12:00 of Donderdagaand 18:30 tot 20:30. Koste: R500 per kwartaal.

Meer inligting en inskrywings by : Marina 084 800 8931 of [marina@ooskerk.org.za](mailto:marina@ooskerk.org.za) of Anthony by [info@viamdei.com](mailto:info@viamdei.com)

## Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan [finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of Snap Scan.



Snap here to pay

SnapScan

## BELANGRIKE DATUMS

**NUWE**  
**GENERASIE**  
ONS DOEN LEWE SAAM

28  
JAN

Gemeenskapsgroentetuin-projek by die kerk

3-4  
FEB

Belydeniskamp

4  
FEB

Belydenisaflegging

7  
FEB

Studente- en jongvolwassenes - social

11  
FEB

Nagmaalsfees

18  
FEB

Uitreik @ Amadea Safehouse

2-4  
MRT

Studente- en jongvolwasseneskamp

11  
MRT

Lofprysingsdiens

16-18  
MRT

Survivor - kamp (Graad 8 & 9)

20  
MRT

Paasfeesnagmaal & "Paint Night"

# Kontak van die week: 'n Lewegewende Gemeente

Lynnwood se predikantespan het gedurende Augustus 2017 vir drie dae naby Lydenburg op 'n forelplaas saamgetrek vir 'n bosberaad-spanbou-oefening. Die spanbou is gelei deur dr. Ockie Raubenheimer wat die Gallup *Strengthsfinder* met ons deurgewerk het. Die *Strengthsfinder* is 'n gereedskapstuk wat persoonlike sterkpunte identifiseer en dit binne 'n spanverband optimaliseer.

Naas hierdie verrykende oefening, het die span ook gefokus op die formulering van 'n jaartema vir die gemeente in 2018. Dit gebeur elke jaar met die oog op die volgende jaar. Die resultaat is nie iets waarmee die predikantespan uit hul eie vorendag kom nie. Die behels gewoonlik 'n langerige proses waarby veral die kerkraad ten nouste betrokke is. Soos al die vorige jare is die kerkraad se inset gevra oor sy verstaan van gemeenteweese in hierdie tyd. Die predikantespan het tydens die bosberaad die insette van die kerkraad saam met sy eie verstaan van kerkweese oorweeg. Hieruit het die woord "lewegewend" na vore gekom. Tydens 'n latere terugvoersessie aan die kerkraad is die begrippepaar "lewegewende gemeente" gebore. Lynnwood wil gedurende 2018 daarop fokus om 'n lewegewende gemeente te wees!

Die simbool wat hierdie fokus moet kommunikeer, is 'n fontein. Ek glo die simboliek is duidelik. Water is immers 'n onmisbare lewensbron. In ons droogtegesteisterde land besef ons dit nou selfs beter as voorheen. Lewegewende water is egter ook 'n Bybelse beeld vir wat Jesus ons gee. Volgens Johannes 4 gee Jesus lewende water, sodat elkeen wat daarvan drink nooit weer dors word nie. En God word 'n fontein genoem: "Ja, by U is die fontein van lewe..." (Psalm 36:10, Nuwe Proefvertaling).

Die grafiese ontwerp op ons kalender toon 'n fontein wat uit verskillende vlakke bestaan. Die water borrel bo uit. Dit beland in 'n eerste opvangbak. Die opvangbak word vol en loop oor in 'n opvangbak wat direk onder die eerste geleë is. Hierin is daar ook simboliek opgesluit. God is die bron van lewe wat sy lewende water aan ons, die gemeente, gee. Van die gemeente af vloei die lewende water verder, na die wêreld toe.

Hierdie simboliek bevat minstens 'n drieërlei waarheid:

- 1) God is die bron van die lewe.
- 2) Die gemeente is en moet 'n plek wees waar mense hierdie lewe ontvang en vier.
- 3) Hierdie lewe moet ook via die gemeente na die gemeenskap en die wêreld vloei.

Gedurende die loop van die jaar sal hierdie drieërlei uitgepluis word.

Komende Sondag, 28 Januarie, is die loodsgeleentheid en vertek ons op ons jaarlange reis met hierdie fokus: 'n Lewegewende gemeente.

Mag hierdie jaar lei tot 'n verdieping en verbreding van die lewe wat God ons gee!

Groete

Eric Scholtz *(Namens die predikantespan)*

Naam \_\_\_\_\_

Selfoonnommer \_\_\_\_\_ Landlyn nommer \_\_\_\_\_

E-posadres \_\_\_\_\_

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening \_\_\_\_\_

Datum \_\_\_\_\_

\*\*\* Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

\*\*\* Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan [helplift@nglynnwood.co.za](mailto:helplift@nglynnwood.co.za)

Gemeenskap



**Eco-bakstene:** Mense is welkom om nog steeds eco-bakstene na die kerk te bring.

**Vakature gevra:** Dringend opsoek na werk, asseblief! Vol- of deeltjys – kan binne 24 uur begin werk. Ervaring in huise oppas. Oppas van ouer mense wat hulp benodig. Beskikbaar vir datavaslegging of diens by 'n Call Centre. Het ook ondervinding as makelaar (JSE) en Koöp. Adviseur. CV met verwysings beskikbaar. Skakel of whatsapp asseblief vir Werner Erasmus 072 172 2351 indien u kan help.

**Ruim** 3 slaapkamer huis te huur in Waterkloof. Twee badkamers, hoofslaapkamer *en-suite*, TV-kamer, sitkamer, eetkamer, kombuis met opwaskamer en spens. Pypsteel eiendom met swembad. Onmiddellik beskikbaar. Skakel Yvette van den Berg 083 452 4368.

**Twee** slaapkamer tuinwoonstel, semi-gemeubileerd, te huur in Lynnwood. Vir meer inligting skakel asseblief vir Yvette van den Berg 083 452 4368.

**Kennisgewingsborde:** Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

**Byderhand:** Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of

SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

Slaggate en/of robotte uit: e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of

e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by [www.tshwane.gov](http://www.tshwane.gov).

